# DIE BEGAAFDE LEERLING EN GESKIEDENIS-ONDERRIG OP PRIMÊRESKOOLVLAK (3)

*J.M.L. Horn (Departementshoof GOK)*

In dié aflewering wil ons probeer om die begaafde st. 5-leerlinge met nuwe oë na die Portugese seevaarders te laat kyk.

'n Nuttige vertrekpunt is om sulke leerlinge met literatuur anders as die skoolhandboeke vertroud te maak. 'n Besonder bruikbare boek om mee te begin, is dr. A.J. Boëseken se **Onder Suidersterre: tussen die Ooste en die Weste 1652-1795.** Die eerste twee hoofstukke handel oor "Donker Afrika" en "Dapper Portugese". Hieruit kan die leerlinge in redelik vakkundige, maar tegelyk ook verstaanbare en interessante inligting oor die Portugese en ander vroeë ontdekkers bekom.

**Opdrag 1**

Om die leerling sorgvuldig deur die hoofstuk te laat werk sodat hy met die basiese inhoud vertroud kan raak, kan hy die volgende blokkiesraaisel doen. Die vragies dek die eerste twee hoofstukke.


DWARS

1. Die naam van die see wes van Gibraltar.
7. In dié stad het die handelaars uit die Ooste en die Weste mekaar ontmoet.
10. Die broers .............. het geheel en al verdwyn toe hulle langs die kus van Afrika gevaar het.
12. Koeblai Khan wou hê die Polo's moes vir hom 'n ............. saambring om die Christelike geloof aan hom te verduidelik.
13. Hy was die Franciskaanse monnik wat die eerste reisiger vanaf Europa na die Ooste was.
15. Tipe skepe wat deur prins Hendrik laat bou is.
17. Dit was veral van Madeira vanwaar dié produk ingevoer is.
19. Hy was die oupa van die Oosterse vors met wie die Polo's kontak gemaak het.
21. Die Portugese wou graag die ............. geloof uitbrei.
24. Omdat hy bly was dat hy so ver gevorder het, het Da Sintra Sagres na die Kaap van ............ herdoop.
25. Prins Hendrik het groot sukses gehad omdat hy by Sagres 'n .............. opgerig het waar belangrike opleiding verskaf is.
26. Met die verowering van Ceuta is húl mag gebreek.
29. Die pouse sowel as die Polo's het in dié stad gewoon.
32. Hulle was besonder in die Ooste geïnteresseerd.

33. Aantal skepe in die vloot van Azambuja.
35. Die hoofstad van Portugal.
36. Dié plek het eers Kaap Nun geheet.
39. Voornaam van Eannes.
40. Monte .............. staan vandag as Mossamedes bekend.
41. Koning Johan II het onder sy mense só bekend gestaan.
42. Omvang van Dias se skepe.
43. Een van die plekke waar die Portugese aangedoen het voor hulle na Indië afgeseil het, was Rio da .........
44. As Dias een gehad het, kon ons meer van sy reise geweet het.
45. Aantal dae van Da Gama se verblyf in Bahia de S.Bras.
47. Die .............. het die Portugese gehelp om van die ooskus van Afrika na die Ooste te seil.

AF

2. Party geleerdes reken dit beteken land wat afgesonder is.
3. Belangrike Italiaanse handelstad waarvandaan onder andere die Polo-broers gekom het.
4. By dié kus het Pedro da Sintra met sy terugreis begin.
5. Die Mohammedane staan ook só bekend.
6. Stowwe van sy is van die destydse .............. verkry.
8. Belangrike geurmiddels afkomstig uit die Ooste.
11. Dié land is al reeds in die tyd van Christus via die Rooi See besoek.
14. Hy het die vertellings van Marco Polo te boek gestel.
16. Die eerste eiland wat die Portugese suidwaarts langs die weskus van Afrika aangedoen het.
18. .............. de Natal is 'n gebied wat die Portugese na Christus se geboorte vernoem het.
20. Sierra .............. herinner aan die brul van leeus.
22. 'n Mohammedaanse volk.
23. Die Portugese het geglo dat seewater verder suidwaarts sou begin .............
27. 'n Fort deur die Portugese in die 1480's aan die Goudkus opgerig.
28. Die Portugese het geglo hulle sou deur dié kreature verorber word.
29. Vanweë sogenaamde leuens het Marco Polo as ......... bekend gestaan.
30. 'n Soort boom waaronder Azambuja die regeerder van Sama ontmoet het.
31. Cadamosta het baie inligting hierin nagelaat.
34. Daar bestaan nie so iets van Diaz nie.
36. Diego Cao het matrose gestuur om dié koning te vind.
37. Die eerste baai wat Dias oos van die suidpunt van Afrika gesien het.
38. 'n Seevaarder wat Indië sou ontdek deur weswaarts vanaf Europa te seil.
39. Cao het vier mense as .............. na Portugal saamgeneem.
40. Wie het Dias in 1488 by Lissabon ontmoet?
41. Bahia dos Vaqueros is later só genoem.
46. Die Portugese woord vir rivier.



**Opdrag 2**

Lees met begrip is 'n ideaal waarna deurgaans gestreef word — ook wat begaafde leerlinge betref. 'n Baie bruikbare oefening in dié verband is 'n begripstoets oor 'n tersaaklike leesstuk — verkieslik nie uit die handboek nie omdat die leerling ook met ander literatuur gekonfronteer behoort te word.

Die rol van Hendrik die Seevaarder kom na vore uit die volgende uittreksel uit **Die verhaal van Suid-Afrika** deur W. Grütter.

> " 'n Buitengewone man was nodig om 'n volk se seevaarders sodanig aan te vuur dat hulle hul vrees sou afskud. Dit was die Infante Dom henrique (1394-1460), derde seun van die Portugese koning Johan I, wat later deur Engelse geskiedkundiges Hendrik die Seevaarder genoem is, hoewel hy nooit 'n seereis onderneem het nie. Hendrik, byna fanatiek vasberade om die Christendom in sy godsdiensstryde by te staan, het gedroom van 'n alliansie met die apokriewe Christenkoning Priester Johannes van Ethiopië, en hy het ook 'n brandende belangstelling in geografie gehad. Hy was 'n sobere toegewyde mens wat homself onderskei het toe die Portugese Ceuta in 1415 van Marokko afgeneem het. Hendrik het sy aansienlike kundigheid aan die diens van God gewy, om sodoende die ongelowige Moslems wat die landshandelsroetes na die Midde- en Verre Ooste beheer het, 'n gevoelige knou te probeer toedien. Dit sou hy doen, so het hy sy voorrange gestel, "tot eer van God en die wins van Portugal."
>
> "Prins Hendrik het 'n uitgebreide voorraad seevaartkennis by sy tuiste in Sagres opgebou, waar al die jongste inligting deur spanne kartograwe, astronome en aardrykskundiges bestudeer is. Verskeie bevare seemanne was tot sy beskikking, en hy het hulle gereeld uitgestuur, voorsien van die jongste kennis. Onder sy leiding is Madeira omstreeks 1420 gekoloniseer, en die Asore in 1427."
>
> " 'Hoewel hy nie net gewone manne uitgestuur het nie' het Gomes Eannes de Azurara, die prins se persoonlike kroniekskrywer gesê, 'maar ook van die voorste professionele krygskundiges, was daar egter nie een wat dit gewaag het om Kaap Bojader verby te steek nie'. In 1433 het Hendrik een van sy mees ervare kapteins vir hierdie doel gestuur: Gil Eannes. Maar Eannes het by die Kanariese Eilande tou opgegooi. Die volgende jaar het Hendrik hom dit op die hart gedruk om "elke senuwee in te span om daardie kaap verby te steek. Geen gevaar kan so groot wees dat die gedagte aan 'n beloning nie groter kan wees nie." Eannes het waarskynlik die gedagte aan 'n ander gevaar onderduk: om weer met 'n mislukking by sy streng prins op te daag. Hy het sy koers diep see in gekies, en met 'n gunstige wind ooswaarts na die kus gedraai. Hy het homself ongeveer 150 km suid van Kaap Bojader bevind, en het selfs vir Hendrik 'n paar plante gebring. Bojader is dus uiteindelik in 1434 besweer."

Die volgende vrae kan hieroor gestel word:

1. Waarom dink jy was 'n "buitengewone man" nodig om die Portugese seevaarders aan te vuur?
2. Watter twee woorde dui aan dat Hendrik baie gretig was om die Christendom te ondersteun?
3. Hoe dink jy sou Hendrik deur 'n kennis van geografie en sy pogings gehelp word?
4. Wat was, volgens die leesstuk, die twee belangrikste motiverings (dryfvere) in Hendrik se pogings om die Moslems te oorwin?
5. Hoe kon Hendrik daarin slaag om sy matrose uit die stuur "voorsien van die jongste kennis"?
6. Waarom dink jy is die vlote van "die voorste professionele krygskundiges" vergesel?
7. Hoe weet oms dat Hendrik streng was?
8. Stel die betekenis van die volgende begrippe vas:

   godsdiensstryd, alliansie, apokrief, kartograaf, bevare seeman, kroniekskrywer.

**Opdrag 3**

Dit is al by geleentheid gesê dat historiese denke die vermoë is om jou terug in die verlede te verbeel. Verbeelding speel dan ook 'n belangrike rol in die lewe van die kind. Historiese verbeelding, 'n belangrike aspek in die studie en onderrig van geskiedenis, verskil van verbeelding in die algemeen deurdat daar op grond van historiese feitelikhede 'n denkbedding voorberei moet word. Daar moet dus vir die leerling 'n spesifieke leesopdrag gegee word. Eers dan moet hy die geleentheid kry om hom "terug in die verlede te verbeel."

Die volgende opdraggie in die verband is moontlik:

> Jy is 'n matroos in die vyftiende eeu. Beskryf die vrese wat jou verhoed het om die eerste reis van die Portugese mee te maak.

**Opdrag 4**

Hede-verlede-kontrasterings stel die leerling dikwels in staat om tot 'n meer gesofistikeerde begrip van die verlede te kom. Veral kom die historiese ontwikkelingsgang van 'n bepaalde faset van die menslike bestaan aan die orde.

'n Opdrag oos dié kan die leerling help:

> " 'n Seereis in die vyftiende eeu was baie gevaarliker as 'n twintigste-eeuse ruimtereis." Sou jy met so 'n stelling saamstem? Gee redes vir jou antwoord. (Dink veral aan dinge soos bv. vrese, uitdagings, voorbereidings, tegnologie, ervaring, vooraf studie, ens.

Die opdrag kan nie sonder leeswerk gedoen word nie. In dié geval sal die leerling nie alleen kennis van verledegebeure moet hê nie, maar ook van die meer onlangse ontwikkelinge. 'n Baie belangrike pluspunt in dié geval is dat die leerling in die geleentheid gestel word om sy **vergelykingsvaardigheid** in te oefen.

**Opdrag 5**

Die Portugese word in die meeste boeke as helde voorgestel. Hoofstuk 7 van die gemelde boek van Boëseken heet selfs "Dapper" Portugese. Baie selde word die leerling die geleentheid gebied om die Portugese as indringers, oortreders op vreemde terrein, onwelkome fortuinsoekers of inhalige vyande te beskou. Ons leerlinge, veral die begaafdes sal moet

leer dat 'n saak meer as net een kant het. Dit is toenemend so dat tradisionele opvattings onder die vergrootglas geplaas word. 'n **Vraagstellende houding,** ook ten opsigte van die verlede en oordele oor die verlede, is buitendien 'n eienskap van begaafde leerlinge. **Wetenskaplike besinning is juis die resultaat van nuuskierigheid en bevraagtekening.**

Vrae soos die volgende kan leerlinge help om so 'n bietjie met ander standpunte te speel.

- Jy is 'n Khoi aan die Kaap (Mosselbaai). Vertel waarom jy die Portugese wou verwilder. Waarom het jy misluk? Wat was jou gewaarwordinge toe jy hulle sien aankom?
- Jy is die vors van Kalkutta wat pas die Portugese ontdekker, Vasco da Gama, ontmoet het. Verduidelik waarom jy nie vreeslik met dié vreemdeling beïndruk is nie. Vind jy hom vyandig en verwaand?

**L.W.**

Die oefening is nie daarop gemik om die Portugese af te kraak nie. Dit is bloot maar bedoel om die "ander kant" van die verledegebeure raak te sien.